

20 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 10:9, 29**

**Fokusgedeelte: Spreuke 10:9**

### **Leef opreg, en die vrees is weg**

Kierankies braai, sou ons die tweede deel van Spreuke 10:9 kon opsom. 'n Mens sien dit op baie plekke in die samelewing. Mense raak lugtig om sake te doen met iemand wie se krom praktyke begin bekend raak. Jy vermy iemand wat skinder, want sy/haar stories word met 'n tong in die kies vertel (of "met 'n gevurkte tong" soos 'n mooi Indiaanse beskrywing lui). Met korrupsie kan 'n mens 'n ent weg kom, maar uiteindelik moet dit jou inhaal.

Tydens berading met persone in die gevangenis het ek opgemerk hoe dikwels oortreders erken: Ek was altyd aan die hardloop. Ek het gedink niemand weet nie, maar uiteindelik het my misdaad bekend geraak. So baie wetsootredings word deur 'n lewenstyl van oneerlikheid voorafgegaan. Vir sommige is dit dan byna 'n verligting as die saak bekend word. Dan kan 'n mens ophou om vir jouself op jou krom pad weg te hardloop.

Die pad van die opregte is veilig. Die verandering is veral opmerklik in iemand wat tot bekering kom. Die vrees is weg. Dit wat so iemand voortaan doen, is oop en eerlik – sonder vertoon – want ons weet die Here ken ons. Vir Hom kan ons niks wegsteek nie. As jy leef soos die Here wil, beloof Hy sy kind 'n rustige plek in die hart – al is die wêreld onrustig daarbuite.

Ek en jy as gelowiges kan veilig op die lewenspad loop, sê ons teks. Daar is gevare, soos Psalm 121 vir ons uitspel. Soms, in krisistye, kyk ons na die berge en wonder waar ons hulp vandaan gaan kom. Tog belowe die Here dat die son ons bedags nie sal steek nie, en die maan sal ons ook nie in die nag kwaad aandoen nie. Daarin lê jou krag en sekerheid.

As jy opreg loop op jou lewenspad, loop jy vreesloos. Die sielsonrus wat 'n leuenlewe bring, is weg.

Sing: Psalm 128:1 (2001-omdigting)

Ds. KA J van Rensburg (Paarl)